N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 19 Julie 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Rom. 8: 13-18 & 24-25

Tema: Om met volharding te hoop!

13. As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.
14. Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.
15. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.
16. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.
17. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.
18. Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.

24. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien?
25. Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

- **“Bottels van Hoop” – projek**

  U aandag word graag spesifiek gevestig op ons “Bottels van Hoop” - projek, waarvan besonderhede reeds versprei is. Baie gesinne in ons distrik gaan slaap snags honger en daar is nie aanduidings dat die situasie spoedig gaan verander nie. Die bestanddele v.d. sop is eintlik relatief goedkoop en ’n beroep word op u gedoen dat wanneer u inkopies doen u sal oorweeg om een of meer v.d. bestanddele in u mandjie te voeg. Saam kan ons as gemeente ’n baie groot verskil aan baie menselewens maak.

- **Gemeentelike kommunikasie en eredienste**

  Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees nie, tot na verdere kennisgewing , of soos deur wetgewing vereis of tot die situasie na “veilig” verander het nie.

  Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u weekliks die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang.

  Die virtuele erediens van 19 Julie 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

  Youtube
  https://youtu.be/v_gJNqeLIF8

  Facebook live
  https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/276686626934053/

  en net vir die klankbaan op “Soundcloud”

  https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-19-julie-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Voorbidding

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**
  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Ina Meiring van Van Zylstraat 1;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Susan Hancke van Greeffstraat 119;
  - Jacoline Saayman van Langenhovenweg 135

- **Ons dink aan die volgende persone wat geliefdes aan die dood afgestaan het.**
  - Miemie Dawson haar seun
  - Abri Van Vuuren sy broer

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**
  - Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
  - Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
  - Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
  - Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
  - in die besonder die korona-virus pandemie.
    - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

- **Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:**
  - Emile Schoch 20 Julie 2020
  - Miemie Dawson 21 Julie 2020
  - Tius Van Rooyen 22 Julie 2020
  - Jan Potgieter 24 Julie 2020

- **<u>Gemeentelike finansies:</u>**

  Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

  Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

  Daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

  Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.

- **Kerkkantoor heropen:**
  U aandag word daarop gevestig dat volgens vlak 3 van die inperkings maatreëls ons Kerkkantoor, gegewe streng regulasies, van nou af oop kan wees. Die volgende ure geld: Maandag tot Vrydag 09:00 tot 11:00. Gebruik asb. die klein hekkie by die moederskamer. As u die kantoor besoek geld die protokol vir inperkings: 1. Dra ‘n masker 2. U koors sal gemeet word. 3. Ontsmetting van u hande met aankoms 4. ‘n Aantekenings register word gehou.